

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 3

HS Heilbron prysuitdeling

Verlede week is daar met die top presteerders gespog en is die skool se leerlingraad vir 2021 aangekondig.

>>> BLADSY 4

Lockdown Bingo-spel

'n Groep vroue speel Bingo by Huis Bron-van-Heil en Miems Bergh vertel dat hulle ongeveer 1680 potte gespeel het.

>>> BLADSY 7

Hekmotors steeds 'n teiken

Die afgelope week is daar 13 hekmotors gesteel. Huiseienaars word versoek om die hekmotors stewig vas te anker.

R500 000 BOETE VIR ONWETTIGE SIGARETTE

'n 49-jarige man, Hendrik Cornelius Strydom van Heilbron, word gevonnis tot vyf jaar tronkstraf of R500 000 boete nadat hy skuldig bevind is vir die besit van onwettige sigarette op 20 Mei 2019. In 'n neutedop: die polisie het inligting ontvang van die voertuig wat deur Heilbron sou ry, dit voorgelê en met die deursoek van die Nissan NP 200 is beslag gelê op 66 kartonne sigarette. Strydom beweer dat hy besigheid gedoen het vir 'n persoon in Harrismith, maar het geweier om die naam van dié persoon te verskaf. Strydom kon geen bewyse lewer van aankope en belasting wat betaal is nie en is daarna in gevolg Artikel 80 op die Doeane- en Aksynswet aangekla en gevonnis. Volgens SARS beloop dié oortreding R59 900 se invoerbelasting, R452 500 in aksynsbelasting en R91 300 belasting (ja, daar word al dié verskillende belastinge op sigarette gehef). Staatsaanklaer, advokaat Dickson Sampisi, het die hof gevra om 'n streng vonnis toe te pas, aangesien hierdie tipe oortredings die ekonomie groot skade berokken het weens belasting wat nie betaal is nie en dat onwettige sigarette teen goedkoper pryse verkoop is. Gedurende 2020, soos ons almal weet, is rokers in die grensdeltyd beslis nie tegemoetgekom met goedkoper pryse nie, die teendeel het gebeur.

In 'n verklaring deur SARS kommissaris Edward Kieswetter, het die verbod op alkohol- en sigaretverkope 'n verwoestende effek op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad.

'n Beraamde R10bn-R12bn in belastinggeld is verloor gedurende die eerste drie vlakke van die grensdeltydperk, maar dit het nie beteken dat rokers daarsonder geleef het nie.

Navorsing deur prof van Walbeek, van Ekonomie en Aksynsprodukte, het getoon dat slegs 12% van rokers die gewoonte kon afsê, maar dat die groot tragedie is dat wetgehoorsame mense hulle ongelukkig tot die onwettige verskaffers moes wend.

"They used this opportunity to market themselves, to expand their customer bases. Honest people who would otherwise buy legally were forced to buy illegally. It will take us years to reverse the unintended consequences of the alcohol and cigarette ban," sê Kieswetter.

SARS het nietemin beloof dat oneerlike belastingbetalers nie daarmee sal wegkom nie.



SIT DIT IN JOU PYP EN ROOK DIT

Uittreksels uit verklaring deur die Nasionale Vervolgingsgesag en artikel deur Shirley le Guern, IOL.



In Augustus het Office National hulle 16de verjaarsdag gevier. Aankope van twee produkte per transaksie, aanlyn of in die winkel, het jou in aanmerking gebring om 1 van 16 kragopwekkers. Die trekking het plaasgevind op 16 September 2020. Drie van Herald Office National se kliënte het 'n kragopwekker gewen. Die weners word aangekondig sodra die kragopwekkers by die betrokke winkels afgelewer is. In volgende week se Heilbron Herald kan jy sien wie die gelukkige weners is.

Op die foto: Christelle Els, Thea Potgieter en Silma Petzer



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135
Postbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
www.bkbblouw.co.za
Reg. No. 2005/026173/07



*Waar sake elke keer
die eerste keer reg gedoen word!*

WILLEM PRINSLOO-LANDBOUMMUSEUM


Hierdie geskiedkundige museum is ongeveer 40 km van Pretoria, langs die ou Bronkhorstspuit-pad. Dit is 'n nasionale landboumuseum wat die arbeidsveld van die hele land insluit en wat die landboukultuur, stoflik en geestelik, wil weerspieël. Die ou opstal op die plaas is in 1882 gedurende die oorlog teen die Ndebele-stam van Mapog deur Koos Koekemoer van Bronkhorstspuit gebou. Hier het Prinsloos tot in 1970 gewoon. Genoemde opstal met sy buitegeboue vorm die historiese gedeelte van die museum. Daar is ook 'n moderne hoofgebou met kafeteria, geriewe en groot uitstalsale. Die Willem Prinsloo-landboumuseum is tans 'n baie gewilde opelugmuseum wat deur groot getalle besoekers van oor die hele land besoek word. 'n Groot hoeveelheid demonstrasies word van tyd tot tyd by die Landboumuseum aangebied. Hieronder is die melk van koeie, botter karring, brood bak in die buitelugoond, seep kook, koffie brand en -maal, kerse maak, ens. Menige kind sien hier vir die eerste keer hoe 'n koei gemelk en 'n skaap geskeer word. Veral die stadskinders. Selfs ons eie Alwyn Swart stal ook gereeld daar uit met sy Mampoer. Hy het al baie pryse en toekennings ontvang. Op die terrein is 'n lewensgrootte beeldgroep uit brons, geskep deur die beeldhouer Phil Minnaar, bestaande uit twee osse wat in 'n dramatiese, aksiebelaaide trekaksie gestol is. Die trekos is om ons te laat onthou van die groot aandeel wat die osse tydens die Groot Trek gehad het. Krag en diensbaarheid is die twee hoofeienskappe van die trekos wat deur die beeldgroep vergestalt word. Hierdie treffende beeld is aangebring voor die hoofingang van die museum. Indien u weer in Pretoria kom, doen gerus moeite om hierdie pragtige museum te besoek. Dit is beslis 'n besoek werd.

Alwyn Swart – Sommige van die uittreksels uit Gerhard van Jaarsveld se Veiligheidshandleiding.

Die profiel van die plaasaanvaller

- Hulle is tussen 17 en 35 jaar oud, meestal werkloos, alhoewel baie is deel van 'n misdaadsindikaat.
 - Hulle tree gewoonlik in groepe op – tussen drie tot twaalf persone.
 - Kenmerkend dink hulle alle boere het vuurwapens, geld en voertuie.
 - Boere woon meestal in isolasie, dit maak van hulle maklike teikens, maar baie aanvalle kan ook geklassifiseer word as haatmisdade.
 - Baie plaasaanvallers het militêre agtergrond en voer hul taak met presiesheid uit.
 - Die indruk wat geskep word is dat hierdie misdade so grusaam as moontlik moet wees, sonder dat daar genade is vir enige van die slagoffers.
 - Tronkstraf is nie 'n afskrikmiddel vir hierdie misdadigers nie en gewoonlik sien hulle glad nie die erns en gevolge van hulle dade in nie.
 - Eerste kontak moet baie keer met die boer gemaak met die voorwendsel dat die misdadiger werk soek of iets wil koop.
- Deel van die verkenningproses is om die veiligheid op die plaas te toets deur te meng met die plaaslike werkers of personeel. Dis wat so 'n verkenner in 'n onderhoud met Katie Hopkins aan plaaswerkers sê: “Look what you can have if you help us! You have nothing, you are treated like nothing, you have very little wages. The farmer is mean and cruel. If you help us, you can have all this.”
- Die verkenner was geklee in duur klere, het 'n duur horlosie aan sy arm gehad en geld wat die sindikaat aan hom gegee het om verkenning te doen.

deur Ouarta Pretorius



Hoe kan jy jou selfverdedig as die kans hom voordoen

Indien die situasie dit toelaat, moet mense hulself verdedig, wees bereid om 'n aanvallende met mag en mening te takel en hom séér te maak. Gebruik jou natuurlike wapens:

- Vingers – druk dit in die aanvallers se oë.
- Hande – slaan sy wind met die vuus uit; klap hom met die plathand op die oor; kap hom met die kant van die hand op die adamsappel.
- Naels – krap hom dat die velle waai.
- Arms – keer daarmee as die misdadiger aanval.
- Elmoë – slaan hom daarmee as hy jou van agter vashou.
- Hakke – stamp met die hak op sy voet se brug as hy agter jou staan.
- Kop – slaan na agter met die agterkop na die aanvallers.
- Knie – stamp hom daarmee tussen die bene.
- Voete – skop hom op die knie.
- Bene – hardloop weg.
- Tande – die aanvallers kan gebyt word, maar pasop vir siektes.

'n Paar goue reëls geld by selfverdediging:

- Wees bereid om “vuil” te baklei – moenie kaalhand baklei as daar ’n bottel, stok of enige ander voorwerp byderhand is nie – gebruik dit.
- Val die kwesbare plekke op sy liggaam aan – gee hom ’n hou op sy keel of ’n skop tussen die bene. Dit is baie moeilik om in ’n hou-vir-hou-vuigseveg met aanvallers gewikkel te raak, selfs vir ’n sterk man.
- Pas selfverdediging so eenvoudig moontlik toe – moenie soos ’n bokser rondgaan nie, wag eerder vir ’n goeie geleentheid en druk ’n vinger in sy oog, dit kan die huismense kans gee om te ontsnap.
- Takseer omstandighede voordat jy blindelings begin houe uitdeel – niemand staan ’n kans teen ’n groep gewapende aanvallers nie en kry die verrassingselement aan jou kant. Val aan as hy wegkyk of probeer ’n geleentheid skep. Kenners beweer as ’n mens ’n aanvalleur ’n vraag vra, word sy konsentrasie vir ’n breukdeel van ’n sekonde verbeek. As iemand geslaan, geskop of rondgestamp word, speel toneel en maak of jy baie seerkry, gaan tot die aanval oor wanneer die aanvalleur dit die minste verwag.
- Moenie bang wees vir seerkry nie. Weens die skok skei die liggaam adrenalien af, wat veroorsaak dat mens minder ervaar.

PRYSUITDELING

Vanaf 13-15 Oktober verlede week het Hoërskool Heilbron hulle jaarlikse prysuitdelingsfunksie gehad en verskeie akademiese en ander prestasies gevier. Daar is met die top presteerders gespog op die verskeie aande. Dinsdagaand het die grondslagfase hul toekennings ontvang en Woensdagaand het die res van die laerskool hul pryse ontvang.



en is die laerskool BK-leiers aangewys.
Donderdagaand was dit die sekondêre fase se
beurt om vereer te word en is die die
MK-leiers en VRL-leiers vir 2021 aangewys.



*Op die foto
vl: Johanri
Pretorius,
Kyla de
Lange en
Elana
Dippenaar.*



MISDAADVOORKOMING

Groot
besparings
vir **JOU!**







UIT DIE PEN

Ons is nogsteeds onder vlak 1. Ek dink nie die deursnee Suid-Afrikaner steur hom of haar regtig meer aan die inperkingsregulasies nie, behalwe vir die dra van die alomteenwoordige, verpestelike masker. Ek is op rekord dat ek my masker met 'n passie haat, want dit smaak my ek versmoor met die ding. Voordat jy voorstel dat ek een van daardie maskers koop wat kleppies in het of dié of daai masker, laat ek net gou my versameling aan jou bekendstel. Daar is twee mooies wat ek gekry het omdat ek gereeld bloedskenk, wit met rooi bloeddruuppeltjies op en swart met rooi bloeddruuppeltjies op. Ek het 'n pienke wat van sis gemaak is. Dan het ek 'n plastiese skerm (probeer met daardie ding sing in die kerk: jy sing jou eie ore toondoof, want die klank ken net een pad: vanaf die mond na die ore). Ek het twee swart maskers met kleppies in (hulle kon net sowel die kleppies gelos het). Dan is daar twee bufs: 'n bloue en 'n skreeupienke.

Watter een dra ek as ek die keuse het? Maklik. Geeneen. Terug na die inperkingsregulasies: die sportspanne kan nou oefen, hulle doen dit maskerloos. Is dit nie baie makliker om die selektiewe virusse te kry van 'n spanmaat wat naby jou uitasem hyg en sweet nie? Nie dat die *powers that be* my redenasie sal verstaan nie. Wat my bring na my sportpraatjie vir vandag. Ek dink julle ken my teen hierdie tyd al beter in vergelyking met vier of meer jaar gelede (jip, dis wanneer ek met hierdie geskryfery begin het). Ons hou personeelvergadering en onse baas vra dieselfde vraag aan elkeen van die personeellede. Een van die kollegas noem dat ons meer nodig het om in 'n span te werk as in silos. Ek weet wat sy bedoel. Die baas vra of kollega ooit deel was van 'n sportspan. Ek begin kriel. Ja, sê kollega, sy het bietjie netbal op skool gespeel (wie het nie?) en soms rugby as deel van haar dameskoshuis (ek ook, met die nodige beserings). Sy hou van sportsoort A, B en C en kyk graag na sportsoort D en E. Die baas sê dat mense wat al in spanne sport gedoen het, gemaklik in spanne werk. Ander nie. Ek kriel al hoe lekkerder. Dis dieselfde cliché wat ek al 'n paar keer gehoor het. 'n Onderwyser sal vir jou sê dat jy 'n kind die beste leer ken langs die sportveld. Dat jy al jou grootmenslesse in die sport en sportspan leer. Om in 'n span te speel, leer jou om te deel en om die gemeenskaplike doel voor oë te hê. Jy moedig mekaar aan en leef saam met mekaar, hoor mekaar se swaarky en lag saam. Spanne leer leierskap en kohesie. Dit leer hoe om met nederigheid te wen en met waardigheid te verloor.

WEEK DERTIG

En *bla bla bla. Ad nauseam.* Wat van die arme bloedjie wat nie kan sport doen nie? As jy my eendag ontmoet, sal jy dadelik kan sien dat ek gebou is vir gemak, nie vir spoed nie. My netbaldie is in die kiem gesmoor deur Juffrou Maas. Ek het kortafstande probeer, maar dit was gans te stadig. My tyd is met 'n almanak gemeet. Langafstande was soos die woord sê: lank. Te lank. Ek het geen nodigheid gesien om enige van die velditems te doen nie, want daar is geen logika daaragter nie. Hoekom wil jy 'n gewig gooi wat strengesproke gestoot moet word (ek weet nou nog nie wat die verskil tussen die twee aksies is nie.) Ek was die arme bloedjie wat nie in 'n span kon speel nie. Deels Juffrou Maas se skuld, maar ook my ouers s'n. Chromosome, onthou. Maar ek kan in 'n span werk. Hier is hoekom: Ek was die kultuurdier. Waar beter leer jy om in 'n span saam te werk as om in die koor te sing of om in 'n orkes te speel? Elkeen het sy eie melodie, elkeen moet sy melodielyn ken en wanneer dit saam met ander stemme bymekaarkom, is dit 'n pragtige vermenging van stemme en toonhoogtes. Dieselfde met 'n orkes. Elkeen speel wat op sy of haar bladmusiek is, maar saam maak hulle die mooiste klanke. Ek het geleer om te deel, want daar was soms iemand wat nie hulle bladmusiek saamgebring het nie. Of wanneer ons skelm lekkergoed tydens oefening geëet het, het ons dit vrylik uitgedeel. Wat van die skaakspan? Strengesproke word dit as 'n sport beskou, maar weens die afwesigheid van 'n bal, kolwe,

regopale, hygende asems en strome sweet, is dit nie die tradisionele sport nie. Elkeen in die span is 'n meester in een of ander skuif, maar daar is nie 14 ander spelers wat vir hom skree om die pion of die perd aan te gee nie. *Mind you:* daar is nie eers 'n skeidsregter nie. Die redenaarspan moet kan saamwerk indien hulle hul standpunt moet verduidelik: hierdie ene beredeneer dit hierdie kant toe en die ander spanlid gesels oor die ander kant. En saam vorm hulle 'n uitmuntende span. Ons het geleer om betyds te wees. Dit is dalk die heel belangrikste kenmerk van professionele mense: wees betyds, want daardie wys jy dat jy 'n ander se tyd respekteer. Hou net op om sport uit te maak as dié manier om 'n kind te leer ken. Ek het 'n beter en oper verhouding met my musiekjuffrou gehad as wat baie met die rugby se *coach* gehad het. Ons het lekkerder saam gehuil of saam gelag as wat die span ooit kon. Ek werk tans as deel van 'n span, en ek kan met alle eerlikheid sê dat ek spanbeginsels goed kan toepas. Spanwerk vind nie net plaas in 'n sportspan nie. Dit is ook 'n kultuurding. O ja, onthou ek nou: 'n huisgesin is ook 'n span. Dalk moet ons eerder daar begin. Ons moet ons families weer bymekaarkry en leer om met mekaar te praat en te respekteer. Want respek is die grondslag vir byna alles. Nie die rugbyspan nie.



welkom en word Leonie en Ansie is met ope arms verwelkom. wat onlangs tot die span bygevoeg

LOCKDOWN BINGO-SPEL

Twee en Veertig, Fourty Two, Vier Twee - Van Feeste tot Kerk en Casino. Bingo is 'n gewilde spel wat ontstaan het in die 1500s en die begin van die Italiaanse lotto. Bingo word gewen deur die eerste persoon wat al hul nommers afgemerk het op 'n kaart, waar die getal op die kaart lukraak deur 'n omroeper uitgeroep word. Die eerste persoon wat 'n patroon voltooi, skree, "Bingo." Bingo word oor die algemeen vir ontspanningsterapie en sosialisering gespeel en word by ons eie Huis Bron-van-Heil

gespeel. Die inwoners van die ouetehuis wat deel is van die bingo span sluit in: Lina, Ina, Annetjie, Caryl, Ansie, Leonie, Miems en Magda. Sedert die inperkingsperiode in Maart begin het, het hierdie spel meer gewild geword onder die groep vroue en vertel Miems Bergh dat hulle ongeveer 1680 keer die spelletjie gespeel het in die afgelope sewe maande. Sondae is rusdae, maar elke ander dag van die week kom hulle bymekaar en speel ongeveer 10 potte, terwyl iets te ete saam met hul tee geniet word. Almal is

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS DIENSTE SMALLS

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hierwee word kennis gegee dat kragtens die bepaling van Regulasie 68(1) van die Registrasie va Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T713/2020 gepasseer deur Dawid Petrus Hermanus 390928 5042 080 en Susara Aletta Oosthuizen, Identiteitsnommer 480124 0089 083, getroud binne gemeenskap van goed met mekaar ten gunste van Abraham Johannes Hendrik Wannenbergh, Identiteitsnommer 850527 5009 082 en Cindy Joanie Wannenburg, Identiteitsnommer 870120 0503 089, getroud binne gemeenskap van goed met mekaar. **1. Gedeelte 12 van die plaas Kopjes Commonage 248, distrik Koppies, Provinsie Vrystaat. Groot 471 (Vierhonderd een-en-sewentig) vierkante meter gehou kragtens Transportakte T713/2020** **2. Plot 371 Weltevreden Nedersetting, distrik Koppies, Provinsie Vrystaat. Groot 1,4571 (Een Komma Vier Vyf Sewe Een) Hektaar gehou kragtens Transportakte T713/2020.** Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Bloemfontein op hede die 19de dag van Oktober 2020. **FORSTER PROKUREURS APPLIKANT P/A JAN HUGO PROKUREURS KELLNERSTRAAT 40, BLOEMFONTEIN E-POS: prok@jhugoprok.co.za TEL: 051 448 2747**

Form JJJ LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **CERTIFICATE OF REGISTERED GRANT OF LEASEHOLD TL 453/1989** passed by KWAKWATSI TOWN COMMITTEE in favour of MOETI EDDY MAZAMELELE, Married out of community of property in respect of certain **ERF, 538, KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at **Bloemfontein** within two weeks after the date of the publication of this notice. Dated at Koppies on 14 October 2020. **AMANDA ANNE SCHUTTE (LCPM-57401) CORNELIUS & PARTNERS INC 26A CHURCH STREET KOPPIES, 9540 TEL: 056 777 1884 koppies@corven.co.za**

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 13:00
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

TENDER

Tenders word hiermee aangevra vir die verkoop van ondergraad Weipoeier, Afgeroomde melkpoeier en Karringmelkpoeier verpak in 25kg sakke, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
1. Die tender periode sal strek vanaf **1 November 2020 tot 31 Desember 2021.**
2. Die tenders moet in rand en sent per sak uitgedruk word. Geen tender sal aanvaar word indien dit nie spesifiek 'n rand en sent bedrag bevat nie.
3. Produk sal voetstoots aan die suksesvolle tenderaar verkoop word.
4. Produk mag nie vir menslike gebruik aangewend word nie. Clover behou die reg voor om summier lewering te staak indien dit vasgestel word dat die produk vir menslike gebruik aangewend word.
5. Produk moet self deur die suksesvolle tenderaar by Clover se Heilbron fabriek afgehaal word.
6. Tenders sluit op 27 Oktober 2020 om 16:00.
7. Die hoogste tender of enige tender sal nie noodwendig aanvaar word nie.
8. Tenders kan per hand in verseelde koeverte ingehandig word te Clover Heilbron duidelik gemerk: Die Bestuurder Clover Heilbron: "Tender Ondergraad Poeier" of per epos gestuur word aan: marlene.naude@clover.co.za **DIE BESTURDER CLOVER POSBUS 79, HEILBRON, 9650**

KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van wyle **TOPSY MBHELE**, Identiteitsnommer: 790320 0593 083 in lewe 'n Administrateur woonagtig te Fischerstraat 1378, Reitz, 9810, getroud binne gemeenskap van goedere met **BONGANI MAXWELL MBHELE**, Identiteitsnommer: 740919 5549 080. **Datum van afsterwe: 16 Julie 2020 Boedelnommer: 005838/2020** Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres: **MNRE BLIGNAUT & WESSELS SAREL CILLIERSSTRAAT 29 POSBUS 6, REITZ, 9810 14 OKTOBER 2020**

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE SAMUEL MOLAKENG**, Identity Number: 500526 5230 080, in life married to **MALETLOTLO LETTIA MOLAKENG**, Identity Number: 581229 0248 080 residing at 1040 Lennon Street, Phirritona, district Heilbron, Province Free State, who died on 11 July 2020, **ESTATE NUMBER: 4452/2020.** All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication. Signed at Heilbron on the 13 October 2020. **(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET P.O. BOX, HEILBRON, 9650**



Andries Muller
072 447 7446
Vrystaat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.heilbron.co.za
JJ Heilbronstr 97,
Frankfort, 9650
Tel: 082 569 7205
E-pos: hugoprok@heilbron.co.za

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak
Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

TE KOOP

WINSKOOP!
1,8 hektaar plot met 6-slaapkamer huis. 3 badkamers, groot oopplan leefarea met binne braai-area. Swembad met aparte buite braaiarea. Ruim tweeslaapkamer woonstel.
Skakel 082 560 5935 vir meer inligting.

TE KOOP

OULANDS-GRASBALE
Swaar bemeste ouslandsgrasbale te koop.
Skakel Hennie Naudé
083 269 9293
K0762

POSTNET HEILBRON
Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Elsstraat 42
HEILBRON
Tel:
058 853 0006

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON

ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

BEESWINKEL

Vir alle aanlyn veeverkope in die omgewing.
Skakel gerus vir Lukas Swart
082 322 5150

BETREKKING

Kleuterkasteel
PRE-PRIMERE SKOOL
BESKIK TANS OOR 'N POS
Kandidate wat wil aansoek doen moet aan die volgende vereistes voldoen: Passie hê vir kinders, kreatief kan wees, goeie menseverhoudinge hê en onder druk kan funksioneer.
AANSOKE SLUIT 13 NOV 2020
Stuur CV na
alet.swart6@gmail.com

GiG Technologies (Pty) Ltd
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Services
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigittechnologies.co.za



GEMEENSKAPSNUUS

CAROLS BY CANDLELIGHT BY HUIS BRON-VAN-HEIL

Lede van die Dienssentrum het hierdie week heerlik geoefen aan die *Carols by Candlelight*-optrede wat sal plaasvind by Huis-Bron-van Heil die 15de Desember. Daarna het hulle 'n boekvoorsleesing uit Amore

Bekker se boek: *TOE-VAL-LIG* gehad. Die dag was afgesluit met 'n nostalgiese trip *down memory lane* met almal se onthou van lank gelede se dinge en mense. Die lede het afskeid geneem en tansiens gesê vir tannie Maggie Steyn wat

Kaap toe verhuis. Volgende week gaan die span picknik hou by Vegkop.

Op die foto Amore Bekker se boek *Toe-Val-Lig*.

Postal address: PO Box 359

Physical address:

Liebenbergstrek

PARYS

9585

Tel: +27 (0) 56 811 2131

Fax: +27 (0) 56 811 2046

e-mail: cfoadmin@ngwathe.co.za

AWARENESS CAMPAIGN ILLEGAL CONNECTION / THEFT OF ELECTRICITY



Ngwathe Local Municipality is embarking on an electricity meter audit and replacement campaign to ensure that it normalizes the meters and to correct illegal connections and illegal usage of electricity. The theft of electricity negatively affects the entire residential community as well as businesses within Ngwathe Municipality area of jurisdiction. The effects thereof can be summarized as follows:

- Overloading of the current electricity infrastructure,
- Forced internal load-shedding,
- Interruption of supply of other services i.e. water due to load-shedding,
- Exceeding contractual demand from Eskom and ensuing penalties,
- Fatalities and injuries due to the unsafe use of electricity,
- Municipal inability to pay Eskom,

Manifestation of meter tampering includes the following categories: bypassed, and faulty meters; faulty keypad (customer interactive unit); no meters – customer connected directly to network; stolen or illegally bought meters (from electrical contractors/technicians or any individual); illegally connected meters; breaking of seals; interfering with the meter or municipal wiring, piping or other installations in any manner unauthorized.

Council makes an appeal to the residents, customers and business operators to refrain from making illegal connections / usage of electricity for the betterment of the performance of Ngwathe Local Municipality and its fulfilling of its mandate to provide sustainable services to all residents.

If, consumers or businesses are found with illegal connections / bridged electricity meters, the following remedial steps and fines are applicable with immediate effect and no electricity supply will be connected before payment of the fine as listed below has been made in full:

TAMPERING ELECTRICITY / WATER (Bridging / illegal connection of electricity / water)	FINES	
	Residential	Business
First Offence	R 9,832.49	R 28,092.82
Second Offence	R 14,046.41	R 56,185.64
Third Offence – Removal of electrical connection	R 28,092.82	R 56,185.64
After First to Third Offense	R 40,875.61	R 147,487.31

Communities are requested to, in their own best interests, support and contribute to this initiative by reporting illegal connections, illegal operations, exposed wires or any electrical wiring that appears dangerous to the Ngwathe Local Municipal
WhatsApp number: 067 421 1040 or SMS number: 36479.
Information furnished will be treated as confidential.

NGWATHE AANVAAR NUWE FINANSIËLE STRATEGIE EN PLAN

Tydens 'n spesiale raadsvergadering op 16 Oktober 2020 het Ngwathe Raad 'n nuwe sogenaamde "Revenue Enhancement Strategy/Plan" aanvaar. Die strategie het ten doel om die inkomste wat die munisipaliteit toeval beter in te vorder. Volgens VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe vorm verskeie maatreëls om wanbetalers aan te spreek, om inkomsteverhaling te verbeter en om uitgawes te besnoei deel van die plan.

Een belangrike maatreël rakende wanbetaling is dat die toepaslike Bywet gewysig gaan word sodat huiseienaars wat meters brug of daarmee peuter voortaan beboet sal word met R 9832,49 vir 'n eerste oortreding, met R14 046,41 vir 'n tweede oortreding en met R28 092,82 vir 'n derde oortreding. Vir besighede word die boetes R28 092,82, R56 185,64 en R98 324,87 onderskeidelik. In beide gevalle sal 'n verbruiker se

toevoerkabel ook by 'n derde geleentheid verwyder word.

Tweedens sal persone wat bloot voorafbetaalde krag koop en nie ook vir hul ander dienste betaal nie voortaan vasgevat word. Wanneer so 'n verbruiker krag aankoop sal 'n deel van die betaling aangewend word vir kragkrediete, maar 'n deel ook vir betaling van ander dienste soos water, vullisverwydering en rioolgelde. Wanneer 'n persoon R100,00 tender sal hy byvoorbeeld R60,00 se kragkrediete ontvang en R40,00 sal aangewend word om vir ander dienste te betaal. Raadslid van der Merwe waarsku dat hierdie beleid streng toegepas sal word en vra dat verbruikers vroegetydig deeglik kennis neem dat dit binnekort toegepas sal word.

Verbruikers met uitstaande rekeninge kan deelneem aan 'n skuldverligtingsproses om hul agterstallige skulde betaal te kry. 'n Amnestieperiode van 3 maande word nou van krag waartydens

helfte van 'n verbruiker se uitstaande skuld voorwaardelik afgeskryf sal word mits hy die ander helfte betaal. Die voorwaarde is dat hy dan sy maandelikse verbruikersrekening vir 'n aaneenlopende periode van 12 maande stiptelik elke maand voluit moet betaal. Voldoen hy nie hieraan nie word die voorwaardelike afskrywing gekanselleer en die volle skuld weer betaalbaar.

Vir diegene wat nie in staat is om helfte van hul skuld eenmalig te kan betaal nie, is daar 'n alternatief. Helfte van so 'n verbruiker se skuld, egter slegs die gedeelte wat dan meer as twee jaar uitstaande is, sal op aansoek voorwaardelik afgeskryf word. Die voorwaardes is tweeledig. Eerstens moet die verbruiker 'n afbetalingsooreenkoms sluit waarkragtens die oorblywende uitstaande skuld (dus die oorblywende helfte van die ouer as twee jaar skuld en die totale jonger as twee jaar skuld) afbetaal word

in 24 gelyke maandelikse paaimeente. Tweedens moet die verbruiker terselfdertyd sy maandelikse verbruikersrekening vir 'n aaneenlopende periode van 12 maande stiptelik elke maand voluit betaal. Rente sal nie gehef word op agterstallige skuld solank die afbetalingsooreenkoms nagekom word nie. Verbreek die verbruiker enige van die voorwaardes word die afskrywing gekanselleer en die volle skuld met rente weer betaalbaar.

Herald sal later verder berig oor ander aspekte van die strategie. Intussen het Raadslid van der Merwe versoek dat inwoners, waar hul daarvan weet, saamwerk om kragdiefstal te rapporteer sodat oortreders aangespreek kan word. Hy moedig ook verbruikers met uitstaande skuld aan om van die skuldverligtingsaanbiedinge gebruik te maak om hul rekeninge in orde te kry aangesien daar binnekort begin sal word om verbruikers met uitstaande skuld se kragtoevoer te staak.

HEKMOTORS STEEDS 'N TEIKEN

Ongeag 2 kalwers en skroot wat gesteel en by Heilbron Beheer aangemeld is, is hekmotordiefstal iets wat kort-kort kop uitsteek. Die afgelope tyd is daar 'n groot toename in die diefstal van die motors van elektriese motorhekke. Daar is blykbaar Dinsdag en Woensdag 'n totaal van 13 hekmotors in Heilbron gesteel. Die meeste gevalle is in Vegkop-uitbreiding aangemeld, maar Breë-en

Raubenheimerstraat het ook deurgeloopt. Huiseienaars wat elektroniese hekke het, word versoek om ekstra maatreëls in plek te stel om hul eiendom te beskerm. Goeie beligting in jou erf is belangrik. Dit is ook 'n wyse besluit om die hekmotors stewig met 'n steunarm aan die grond of binne die eiendom vas te anker. Dit sal ook help om 'n steunarm aan die bokant van die hek aan te bring. Diewe lig maklik 'n hek van

die spoor af en dié voorsorgmaatreël kan dit voorkom. As jy by die huis kom en die hekmotor werk nie, ry liewer weg en vra jou bure om jou te help kyk wat fout is. As alternatief kan die polisie geskakel word om hulp te verleen, aangesien baie huisrowers die motor steel om hulle niks-vermoedende slagoffers in 'n lokval te lei. Sodra jy uitklom om te kyk wat fout is met die hekmotor, slaan die rowers op jou toe.

DIE RUS INGEAAN

*In liefdevolle herinnering aan Bert Lombard oorlede op 20 Oktober 2020 in die ouderdom van 77. Die diens vind plaas Maandag 26 Oktober om 11:00 te Vegkop Feesterrein. Hy laat na sy eggenote, kinders, kleinkinders, familie en vriende.



Latest Releases

Late-Nite Video
Heilbron

Skoolvakansie
spesiale aanbieding.
Hou jou kinders
binne besig.

Huur 10 x DVD's vir
7 dae vir slegs R100!

Kerkstraat 42 C/42 C Church Street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

DAAR SAL OOK
WEGNEEM NAGEREG
@ R10 EN 'N
TAFEL MET GEBAK
VIR WEGNEEM BESKIKBAAR WEES.

Goue Fare Fees
HUIS BRON-VAN-HEIL
31 OKTOBER 2020

Kom en kry 'n heerlike wegneem braaivleisete
(Pap & Sous, Skaaptjoppie, Sosatie & Wors)
@ R60 vanaf 12:00 - 14:00.

Slaaie: Noedelslaai, groenslaai @ R5 per slaai (Slaaie kan in Pap & Sous se plek geneem word)

Navrae: Gerda Pieters 081 356 7575 of Sandra Mynhardt 082 940 0120



HERALD

ROLBALKLUB BESIGHEIDSLIGA

SPORT

Twee weke gelede het die rolbalkklub met 'n sogenaamde besigheidsliga begin om fondse in te samel na die inperking, maar na die tweede Dinsdagaand wat die afgelope week plaasgevind het, sal die benaming beslis moet verander.

As die vreugde vure begin brand dan lyk dit amper asof die treinstasie van ouds, met oom Ben Schoeman se stoomtreine, weer aan die gang gekom het en die reuke herinner ook aan die stasiekafetjies van lank gelede, maar dit is ook waar die ooreenkomste stop.

Rolballe kom van oral te voorskyn en daar word gelag en gesels en advies uitgeruil voor aanvang van die wedstryde.

Die afgelope Dinsdag was alle oë natuurlik op die groot kragmeting tussen die manne met die stokke en die manne met die trokke, daar is gekorrel, gegerrel en die balle is laag gehou, maar

soos Gary Player sê "the more you practice the luckier you get". Dalk het die manne met die stokke, wel, hoe sal ek dit nou stel, die manne met die trokke op 'n dwaalspoor gestuur.

Soos enige kompetisie is daar altyd verrassings en as die manne van L + T en die Gholfers gedink het een van hulle gaan weer 'n liplekke-ete by Spur wen, het hulle die bal heeltemal mis gerol.

Ver weg van hierdie geveg het die span van Achaar stil-stil hulle rolle gerol en was hulle die aand se winners met 'n goeie punte totaal en dadelik is die tafel by Buffalo Valley Spur bespreek.

Dit is nog nie wetenskaplik bewys of 'n verandering van naam werklik 'n positiewe bydrae maak tot 'n span se sukses nie maar nadat die "Koeke-span" van verlede week hul naam verander het na Nip en Tuck, skuif hulle van verlede week se 12de plek op na 2de plek hierdie week.

Dit is onbekend of die span van JCB, Johnny Claassen Bemarking, vir hulle ouers iets probeer sê, maar hulle het seker gemaak hulle kry die prys wat geskenk is deur Nappy Town.

Hierdie Besigheidsliga is besig om af te stuur op 'n baie groot hoogtepunt vir 2020 en die vierde en laaste kompetisie op Dinsdag 3 November gaan 'n ligte aardskudding veroorsaak. Hou hierdie spasie dop.

TREKKING

Dinsdag 27 Oktober

- ACHAAR vs JCB
- KOPANANG vs GHOLFKOMITEE
- PLUIMBAL vs CORNELIUS & VENNOTE
- VIER en HALF vs NIP en TUCK
- L & T BOERDERY vs HEILBRON HERALD
- BAYER vs TELWIEDRE



Gholfdag
24 Oktober 2020
Inligting volg!
R7500 se koopbewyse op die spel.
Inskrywings by
Ruben 071 244 2685

BOKSE VIR BOERE

Die ramp waarin die Wes-Vrystaat homself bevind is vir niemand nuwe nuus nie.

Meer as 100 000 ha weiding het afgebrand, honderde stuks vee en wild het doodgebrand, óf moes van kant gemaak word en selfs huise, store en werktuie is deur die vlamme vernietig.

Nou het AfriForum 'n projek geloods om die boeregemeenskap van die betrokke streke (Hertzogville, Boshof, Hoopstad, Dealesville en Bultfontein) te ondersteun.

"Pak 'n boks vir 'n boer" is 'n maklike manier om 'n verskil in die betrokke boere se lewens te maak. Belangstellendes word versoek om 'n skoenboks met noodvoorraad te vul en aan AfriForum te stuur vanwaar die bokse weer versprei sal word. Die bokse moet teen 30 Oktober by die organisasie se kantoor in Centurion afgegee word.

Tans is daar twee geleenthede vanaf Heilbron na Centurion op Maandag 26 Oktober en Vrydag 30 Oktober.

Heilbronniers wat bereid is om 'n boks te pak of produkte wil skenk

om in bokse te sit, kan met Annari Combrink (082 224 8741) reëlings tref.

Die inhoud van bokse kan bestaan uit: toiletware, blikkieskos, beskuit, koekies, koffie, tee, suiker, langlewemelk, oor-die-toonbankmedisyne, ander nie-bederfbare produkte, óf -bederfies.

Die volgende skakel kan gevolg word indien jy meer inligting verlang:

<https://afriforum.co.za/vrystaat->



brande/

Jy kan die boere ondersteun, deur hier te klik: <https://www.givengain.com/cc/brande/>

F.T.C.
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfankfort.com

BRAKES & CLUTCHES	HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES
------------------------------	----------------------------------

Willem : 072 647 1074 Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206 Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096 Email : ftcfankfort@gmail.com

BKB Louwid NOORD

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilinge

MAANDAG - 26 OKTOBER 2020

BULTFONTEIN Veevee veiling
Kontak Louwje Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 27 OKTOBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1890

WOENSDAG - 28 OKTOBER 2020

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 062 566 1369

ONDERSdag - 29 OKTOBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYdag - 30 OKTOBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Borsyn 079 882 1138

POTCHERSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sany de Villiers 073 816 4956



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (056) 813 1071 Faks: (056) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbloewid.co.za